BASTA MET BOELIEGEDRAG!

DEUR SUZANNE PIATER – BERADER

Boeliegedrag is ‘n sosiale probleem wat nie net onder kinders voorkom nie, maar ongelukkig ook onder volwassenes gedy. Boeliegedrag is nie net ‘n geïsoleerde uitdaging van ons onmiddellike omgewing nie, maar lei tot verreikende gevolge wat ander sosiale uitdagings soos geweld en misdaad meebring.

‘n Veilige omgewing waar kinders sosiaal en akademies kan blom, is slegs moontlik indien alle rolspelers toegewyd is om boeliegedrag te voorkom.

- **WAT IS <u>NIE</u> BOELIEGEDRAG NIE?**
  Dit is belangrik om in gedagte te hou dat nie alle konflik boeliegedrag is nie. Aangesien boeliegedrag die gonswoord van ons tyd geword het, verwar kinders dikwels gewone wedywering en konflik met boeliegedrag. Enkelkinders wat nie blootgestel word aan gesonde sibbe wedywering nie, is dikwels oorsensitief vir gesonde tergery en spelery van hulle ouderdomsgroep. Verál dogtertjies wat in ‘n enkelouer huishoudings grootword waar daar nie ‘n pappa is wat soms ‘n bietjie rof speel of stoei met haar nie, is meer sensitief om te dink dat seuntjies wat soms rof speel, haar boelie. Daar moet ook duidelik onderskei word tussen ongeskikte, gemene en boelie optrede. Bespreek die verskille met jou kind sodat ware boeliegedrag makliker geïdentifiseer kan word en die gepaste aksies daarteen geneem kan word.

  Ongeskikte optrede:
  Ongeskikte optrede is wanneer ‘n persoon onopsetlik iets sê of doen wat iemand seer maak. Hierdie ongeskikte optrede is gewoonlik spontane, onbeplande onbedagsaamheid en word gebaseer op onnadenkendheid en slegte maniere. Dit is gewoonlik een geïsoleerde geval. Dit is nie die persoon se doelwit om met hierdie gedrag iemand seer te maak nie. Dit is sosiale foute soos om in iemand se gesig ‘n wind op te breek, voor iemand in ‘n ry in te druk, om te spog omdat jy die hoogste punt gekry het of om iets uit iemand se hand te gryp.

  Gemene optrede:
  Dit is gemene optrede wanneer ‘n persoon doelgerig en opsetlik iets sê of doen om iemand seer te maak. Dit is gedrag wat een tot twee keer voorkom en daarop gemik is om die persoon te verkleineer. Hierdie gedrag is gewoonlik ‘n poging van die persoon om homself bó die persoon wat verkleineer word, te verhoog en is gegrond in woede.

- **WAT IS BOELIEGEDRAG?**
  Boeliegedrag is intensionele, aggressiewe gedrag wat <u>oor 'n tydperk herhaal word</u> en gepaard gaan met 'n wanbalans van mag. Die persoon maak dus 'n gewoonte daarvan om iemand wat hy dink kwesbaar, swakker of anders as hy is, af te knou of sleg te behandel. Daar is gewoonlik geen teken van berou te bespeur by die boelie nie, al sou die slagoffer te kenne gee dat hy/sy seergemaak voel of die boelie vra om die gedrag te staak. **Boeliegedrag is gereelde optrede of gedrag teenoor die slagoffer, waarvoor hy nie gevra het of toestemming voor gegee het nie.**

  Hierdie tipe afknouery kan verskillende vorms aanneem en is nie net altyd tot fisiese aggressie beperk nie.

- **DIE VERSKILLENDE VORMS VAN AFKNOUERY**
  - **FISIESE AFKNOUERY**

    Fisiese afknouery is gewelddadige aanranding van 'n persoon of sy besittings. Hierdie afknouery kan kort- en langtermyn gevolge vir die slagoffer inhou en kan lei tot strafregtelike vervolging van die oortreder. Dit sluit skop, slaan, knyp, trap, stamp en saakbeskadiging in.

  - **VERBALE AFKNOUERY**
    Slagoffers sal dikwels sê dat woorde baie seerder maak as 'n vuis in die gesig. Blou merke vervaag met tyd, maar woorde laat dikwels diep, blywende wonde op ons hart en psige. Hierdie soort afknouery sluit dreigemente, aanhoudende geterg, beledigings, vloekery, rassistiese of homofobiese opmerkings en intimidasie in.

  - **SOSIALE AFKNOUERY**
    Sosiale afknouery staan ook bekend as geheime afknouery, omdat dit dikwels sonder die medewete van die slagoffer plaasvind. Dit gebeur dikwels waar 'n slagoffer toegang tot 'n sekere sosiale opset (bv. vriendekring) geweier word. Die persoon sal geïgnoreer word en die boelie moedig ook dikwels ander aan om dieselfde teenoor die persoon te doen. Die doel van hierdie gedrag is om die persoon so veel as moontlik te isoleer, te verneder en sy/haar sosiale reputasie te benadeel. Sosiale afknouery sluit ook die verspreiding van leuens in. Dit is belangrik dat ouers vir kinders sal leer dat 'n grap slegs 'n grap is wanneer al die partye wat betrokke is lag, anders word dit as 'n nare grap gesien wat as boeliegedrag klassifiseer.

  - **KUBER AFKNOUERY**
    Hierdie afknouery vind op rekenaars, die internet, telefone, elektroniese toestelle en sosialemediaplatforms plaas. Die boelie sal nare boodskappe, foto's en/of video's van en oor die slagoffer aan ander rondstuur. Die doel hiervan is uitsluiting en/of die verspreiding van leuens oor die persoon om hom/haar te verneder en te isoleer van die portuurgroep. Dit sluit ook die steel of nabootsing van aanlyn profiele en aanmeld besonderhede in.

- **SEKSUELE AFKNOUERY**
  Seksuele afknouery is die herhaaldelike afbrekende opmerkings en dade teenoor ‘n slagoffer wat seksueel van aard is. Hierdie tipe afknouery kan aanlyn of in persoon plaasvind. Dit sluit in om iemand seksuele name te noem, ru of kru kommentaar te lewer, vulgêre tekens of gebare te maak, iemand sonder toestemming aan te raak op ‘n wyse wat ‘n seksuele konneksie het, seksuele voorstelle te maak en/of pornografiese foto’s of video’s aan iemand te stuur.

- **DIE REDE HOEKOM KINDERS BOELIE**
  ‘n Kind wat boelie is dikwels ‘n kind wat emosionele trauma beleef of beleef het. Dit is ook dikwels kinders wat reeds deur ‘n ouer of ander kinders geboelie was. In ‘n poging om die pynlike ervaring om weer geboelie te word, vry te spring, word die slagoffer dikwels die boelie. Hy voer ‘n interne dialoog dat hy nie sal toelaat dat enige iemand hom weer boelie nie, en dan neem hy die houding in van “I’ll get them before they can get me’’. Boeliegedrag loop dikwels hand aan hand met ‘n swak selfbeeld waar die persoon homself probeer verhoog deur iemand anders te verlaag. **Dit is dikwels ‘n magspeletjie om mag oor ‘n ander uit te oefen.**

- **HOE KEN EK ‘N BOELIE UIT?**
  - Kies mense wat kleiner as hy is, of weerlose diere om af te knou.
  - Sukkel om met ander mense se emosies te identifiseer.
  - Hou daarvan om mense aanhoudend en herhaaldelik te terg of te spot.
  - Dink dit is snaaks as ander foute maak en wys dit graag uit.
  - Dink dit is snaaks as iemand verneder word op sosialemediaplatforms.
  - Neem ander se besittings sonder toestemming, of breek dit.
  - Het ewe skielik toegang tot onverklaarbare finansies of nuwe speelgoed.
  - Neem die personasie van die moeilikste en gemeenste kind in die skool aan.
  - Hou daarvan om wraak op iemand te neem.
  - Is dikwels ‘n slegte verloorder en wil ten alle koste altyd wen.
  - Raak dikwels betrokke by fisiese en verbale gevegte.
  - Handhaaf ‘n aggressiewe houding.
  - Weier om verantwoordelikheid te neem vir sy optrede.
  - Blameer ander vir sy probleme.
  - Het dikwels vriende of ‘n ouer wat ook boelie.
  - Is baie sensitief oor sy reputasie of gewildheid onder sy ouderdomsgroep.

- **KEN ‘N TIPIESE SLAGOFFER UIT.**
  - Kinders wat dikwels die prooi van boelies is, is kinders wat ooglopend ‘n swak selfbeeld het. Kinders wat maklik ineen trek as iemand met hom praat, ‘n swak liggaamshouding handhaaf, kop onderste-bo en stadig loop, versigtig en sonder selfvertroue beweeg, word dikwels deur boelies as maklike teikens uitgesoek.
  - Skool vermyding.
  - Onverklaarbare beserings bv. blou kolle, snye en krapmerke.
  - Slaaploosheid en/of gereelde nagmerries.
  - Stukkende skoolklere en -besittings, of besittings wat voete kry.

- Gereelde hoofpyn, maagpyn en naarheid.
- Verandering in eetgewoontes.
- Stel nie meer belang in akademie nie en punte verswak.
- Vermy sosiale situasies en het geen vriende nie.
- Swak selfbeeld en hulpeloosheid/magteloosheid.
- Depressie en angstigheid.
- Selfvernietigende gedrag bv. sny.
- Selfmoord praatjies.

- **HOE BEMAGTIG EK MY KIND TEEN BOELIEGEDRAG?**

LEER JOU KIND OM SELFGELDEND TE WEES

- Dikwels leer ouers hul kind om die boelie te ignoreer en weg te loop. In sommige gevalle sal dit help, maar soms laat ‘n boelie nie die kind toe om hom te ignoreer nie, of die boelie loop agter hom aan. Leer jou kind eerder om die konflik daar en dan te hanteer en selfgeldend teenoor die boelie op te tree. Leer hom om weg te loop slegs wanneer sy lewe in gevaar sou wees.
- Leer jou kind om ‘n regop en selfversekerde liggaamshouding te hê, die boelie in sy oë te kyk en indien moontlik die boelie op sy naam aan te spreek. Laat hy sy hand opsteek en ferm vir die boelie sê om te ‘’Stop!’’
- Leer hom om ‘n “Ek’’ boodskap vir die boelie te gee asook te noem wat hy van die boelie nodig het of verwag bv.: ‘’Dit breek my konsentrasie in die klas as jy die heeltyd my hare trek, sal jy asseblief ophou om my hare te trek en jou hande op jou bank hou?’’
- Aangesien alles vir die boelie oor mag en reaksie gaan en hy nie wil verloor nie, moet jou kind nooit aan ‘n boelie die reaksie gee wat hy verwag nie, soos om te huil of vir die boelie te sê: ‘’los my uit!’’ nie. Oefen saam met jou kind slim of skerp sêgoed wat hy vir die boelie kan sê om die wind uit sy seile te vat, iets wat hy nooit sou verwag het nie.

  Voorbeeld van ‘n ideale gesprek:
  Boelie sê: ‘’Jy is so dom!’’
  Gewoonlik sê die slagoffer: ‘’Los my uit!’’
  Reageer eerder so: ‘’Ek weet né, soms is my kop in die wolke en dan doen ek snaakse goed!’’

WEES PROAKTIEF EN GESELS OPENLIK OOR BOELIEGEDRAG MET JOU KIND

Moenie wag totdat daar ‘n boelie voorval plaasvind nie. Bespreek boeliegedrag met hom en hoe om dit te hanteer. Skep ‘n oop kommunikasie kanaal sodat jou kind weet dat hy enige tyd welkom is om sulke gevalle met jou te bespreek en gee vir hom die versekering dat jy altyd saam met hom na oplossings sal soek.

IDENTIFISEER ‘N PLAN VAN AKSIE

Help jou kind om mense en plekke van veiligheid te identifiseer waarheen hy kan gaan vir hulp bv. die skool se kantoor, ‘n onderwyser, die dissiplinehoof, berader. Bring dit onder jou kind se aandag dat dit nie ‘’stories aandra’’ is wanneer hy by ‘n volwassene gaan hulp soek teen die boelie se gedrag nie.

Leer hom ook dat dit sy verantwoordelikheid is om die boelie gedrag te rapporteer indien die boelie nie met die gedrag wil ophou nie.

- **WAT DOEN EK AS MY KIND DIE BOELIE IS?**
  Kinders het dikwels nie die woordeskat of die vermoë om aan volwassenes te kommunikeer as daar iets in hulle leefwêreld skeef loop of as hulle emosioneel swaarkry nie. Boeliegedrag is dikwels 'n vorm van uitreagerende gedrag, wat die boelie as 'n hulpkreet gebruik om volwassenes se aandag daarop te fokus dat hy ongelukkig is. Indien jy vermoed dat jou kind 'n boelie is of boeliegedrag toon, probeer d.m.v. 'n oop en eerlike gesprek met hom vasstel watter emosionele uitdagings hy beleef en hoe om dit op 'n gesonder wyse te kanaliseer of te hanteer. Indien die gedrag nie verbeter nie, win die hulp van 'n professionele persoon soos 'n berader of sielkundige in.

Dit is belangrik dat ons as 'n gemeenskap saam sal staan teen boelies. Afknouery moet ernstig opgeneem word aangesien dit verreikende gevolge vir die boelie sowel as die slagoffer kan inhou. Blootstelling is die beste manier om boeliegedrag hok te slaan. Deur die boelie te ontbloot, help jy nie net die slagoffer om hulp te kry nie, maar kan daar ook hulp gereël word vir die boelie wat met diep emosionele pyn worstel wat agter die masker van aggressie en gedragsprobleme weggesteek word.

Bronne: The difference between Rude, mean and bullying -
www.intermountainhealthcare.org
Boelies alles wat jy moet weet – Tania Smith
Boeliery – Die nare werklikheid in ons midde – www.afrikaans.com